VERVOLG VANAF BLADSY 1

dorp in die vroeë namiddag. Mense soek die laaste dinge vir die aand se maal, skoolkinders bondel om die enkele kafee, dan en wan kom 'n motor verby. Lucia se oë is op haar boek, maar ook dáár.

En sy sien 'n kind, 'n ouerige tienerseun wat huiwerop straat, eenkant toe mik en dan daaikant toe, asof hy nie mooi weet watter kant toe nie. Toe klim Lucia uit die boom, sy en haar boeke. En sy gaan vra of daar fout is; haar Xhosa nie gemaklik nie, maar darem.

Eers kom daar 'n stortvloed woorde in antwoord op haar navraag, maar wanneer hy haar gebrekkige vermoë met sy moedertaal besef, slaan hy oor na 'n redelike Engels: Hy't al gepleit, gesmeek, maar die biblioteek wil nie vir hom boeke laat uitneem nie. Hy mag daar in die biblioteek studeer, maar die boeke saamneem huis toe – nee, dit mag nie. En hy't die boeke nodig vir sy studies...

Lucia vra die titels van die boeke en met die lysie stap sy die biblioteek in en neem die boeke uit op haar eie biblioteekkaartjie.

So ontstaan daar 'n vriendskap tussen Lucia en Koos en Sipho.

Hulle was by sy gradeplegtigheid, het as ouers ingestaan by sy huwelik, gesien hoedat hy pa word en presteer.

Omdat Lucia uit die boom geklim het.

Hierdie storie lê parallel aan dié van Saggeus wat, kort van postuur, in 'n wildevyeboom geklim het om Jesus te kon sien. En uit die boom geroep is: Saggeus, kom gou af, want Ek moet vandag in jou huis tuis gaan.

Lucia, klim gou af, hier is Iemand wat jy moet raaksien!

Noem dit 'n moderne gelykenis, as jy wil, maar die storie maak my bly om Lucia se vriendin te wees.

***CECILE CILLIERS – BEELD, 19 MAART 2012***

*Om in SNUFFELGIDS te adverteer, kontak André by fourieaj@hotmail.com. Voorleggings vir plasings moet nie later* ***nie as die Maandag vóór Sondag se erediens ontvang word.*** *Hierdie diens is slegs vir gemeentelede. Donasies om drukkostes te dek welkom.*
*Indien enige advertensie onduidelik is of probleme word ondervind om die adverteerder te kontak, tree in verbinding met die Kerkkantoor by noordwyk@sagemeente.com*




## VOL ENERGIE KLIM LUCIA UIT DIE BOOM UIT

Lucia klim toe uit die boom, maar hoekom was sy hoegenaamd ín die boom?

Aan my vriendin Lucia se energie is daar geen einde nie. Soos 'n klein warrelwind – sy's nou nie juis groot van postuur nie – benader sy van vroeg af al haar dag. Sy skop stof op, soms baie stof, maar sy vee skoon en teen slaaptyd, rustyd, is daar groter orde om haar en, glo ek, 'n beter wêreld. Nee, met Lucia se energie skort daar niks, maar dit was warm daardie dag in die dorp in die Oos-Kaap. En sy moes vir Koos wag, dié had toe 'n later as verwagte vergadering. Toe kies sy vir haar 'n mooi groot, maar skaduryke boom, die eerste takke nie te ver van die grond af nie en klouter daarin, sy en haar boeke. Sy kry 'n gemaklike sit-lê-posisie in 'n groterige mik, haar boeke op haar knieë, en begin lees. Sy't baie leeswerk ter wille van haar voorbereiding vir die volgende dag.

'n Honderd treë of wat van haar uitkykpunt is daar die gewone geroesemoes van 'n

VERVOLG OP BLADSY 4

## GLIMLAG…

Die pa stuur sy seuntjie bed toe. Na vyf minute…
"Paaa!"
Pa: "Wat?"
"Pa, ek's dors. Kan Pa vir my water bring?"
Pa: "Nee, dis slaapteit. Ligte af en slaap."
Na vyf minute: Paaaa….
Pa: "Wat is dit?"
"Ek's dors. Kan Pa nie vir my water bring nie?"
Pa: Ek het gesê nee. As jy nou weer vra, gaan ek jou pafgee!"
Vyf minute later…
"Paaaa"
"Wat nou!"
"As Pa my kom pakgee… sal Pa sommer vir my water saambring?"



## WEN WEN WEN!!!!

Vind die doelbewuste fout in vandag se Snuffelgids en wen volgende keer **'n pak DROEWORS.** Iets is weggelaat, of verkeerd gespel of verkeerd aangehaal. Iets is fout. Daar mag, onbedoeld, meer as een fout wees. **Stuur jou antwoord aan: fourieaj@hotmail.com en merk dit SNUFFELGIDS-FOUT.**

**PRYSE GEBORG DEUR BILTONG DIRECT: WWW.BILTONGDIRECT.COM 01268 685728**

**VERLEDE KEER SE FOUT: klappe in plaas van klippe**

Annique – the rooibos people – established 1971

Health and Beauty UK and Ireland. Bestel **Annique-produkte** per foon, e-pos of op die webblad. Ek bring dit sommer Sondag kerk toe - geen posgeld! **Louise Schultz 07726926798 of 01375 481586. E-pos: louise@annique-uk.com www.annique-uk.com**

## OM ELKE TOEBROODJIE MET OORGAWE TE EET

*Here, U is my lewe, U sorg vir my. Wat ek ontvang, kom alles van U af (Psalm 16:5). By U is daar oorvloedige blydskap. Uit u hand kom net wat mooi is (Psalm 16:11).*

Die bekende TV-omroeper, David Letterman, het op 'n keer, so word vertel, die bekende musikant Warren Zevon op sy geselsprogram gehad. Dit was kort nadat Zevon met kanker gediagnoseer was.Tydens die onderhoud het Letterman hom verskillende vrae gevra, onder andere oor sy siening van die lewe, en veral oor hoe sy siekte hierdie siening beïnvloed of verander het. Een van sy vrae het gelui: "Is daar iets van die lewe wat jy nou geleer het of weet waarvan ek en my luisteraars onbewus is? Vertel ons daarvan!"

Hierop het Zevon hierdie eenvoudige, maar aangrypende, antwoord gegee: "Ek weet vandag beter dat die mens veronderstel is om elke toebroodjie wat hy eet met oorgawe te geniet."

Natuurlik is almal nie in staat om só op siekte en lyding te reageer nie. Veral wanneer daar min hoop op herstel is, kan siekte jou só angstig en teneergedruk maak dat jy jou belangstelling in die lewe totaal verloor.

Soms egter, kan dit gebeur dat siekte en lyding ons méér opskerp vir die gawes van die lewe – ook vir God se genade wat dikwels in die mees gewone dinge na ons toe kom – soos 'n toebroodjie wat ons vandag weer met dankbaarheid kan eet en geniet.

Die vraag is: Waarheen neem jou siekte en lyding jou vandag?

**Here, ons kry swaar, maar help ons om U vandag weer in die eenvoudige gawes van die lewe te ontdek. Amen**

**Carel Anthonissen**

## ADVERTENSIES

**BRAAIHOUT: SUID- AFRIKA/SUIDWES: VOORAFBETAALDE DEELVRAG**
Ek beplan om weer so 26.5 ton braaihout in te voer vanaf Suid- Afrika . Die hout is vir eie gebruik en nie herverkoop nie. **Tipe**:Mopanie/Sekelbos. **Verpakking** : 20kg sakke. **Prys** :£11.50 - £12 per sak, geland by sentrale optelpunt. **Voorwaardes** : Minimum 50 sakke , voorafbetaalde deelvrag - kwota moet gevul wees voor bestelling kan voortgaan. Vir verdere inligting kontak: Hendrik die Houtman by 07846014290 / houtman001@gmail.com

**WIL JY MEER BETAAL WORD VIR DIE WERK WAT JY DOEN?**
Werk jy tans as kontrakteur/sub-kontrakteur? Kry **meer as 88%** in jou bank na alle belasting, NI en aftrekings. Voldoen aan HMRC-riglyne en -regulasies vir "Ltd Company"-struktuur. Kontak my gerus vir verdere inligting en illustrasie. **Merk jou epos: Ltd Company** . Louis Koch, 07786 780 354, Lvskoch@hotmail.com

**SA POLISIEKLARINGS-SERTIFIKATE**
Ons verskaf 'n diens om SA Polisieklarings-sertifikate te verkry. Vir meer inligting skakel of e-pos **Melanie by dkpinvestigations@yahoo.co.uk / 07404131383.**

**SOEK IEMAND BETROUBAAR IN LONDEN OM JOU HUIS TE VERHUUR?**
As jy 'n eiendom in Londen het wat uitverhuur en bestuur moet word, kan ons jou help. Ek bestuur reeds sedert 2009 my eie portfolio in Londen en het so pas die diens vir 'n beperkte aantal kliënte oopgestel. Kontak my gerus vir meer inligting en ons fooie. **Christoff van Wyk - Sel: 075158 14527. Epos: cfvanwyk@gmail.com**

**HUISHOUDELIKE GASWERK**
Sluit in nuwe installasies. herstelwerk, diens, ens. Gas Safe-registrasie. Hele Essex en Londen-area. **Kontak Johan: 07709206971.**